Dagstap 21 Jan 2017, Phaladingwe Roete

Wat 'n wonderlike dag!!!!

Ons het die jaar met 'n "*bang*" afgeskop. 36 mense het opgedaag vir die dagstap. Bestaande lede, ou lede, nuwe lede en belangstellendes.

Ons het so 9:00 begin met 'n 7km stap. Daar het twee groepe gevorm: Die vinniger pas voor en die stadiger pas het gevolg.

Ons het begin deur verby 'n ou skuur te loop oppad na die rivier, waar heelwat uitkykpunte was. Ons het onder langs die rivier geloop waar hy lekker sterk gevloei het. Ons het langs die rivier gerus en almal het weer daar bymekaar gekom.

Van ons het toe die "route less travelled" gevolg en moes buk-buk onder deur riete loop. Ons het die hee tyd die rivier aan ons regterkant gehad en stadig teen die berg op beweeg.

Ons het weer 'n mooi uitsig gehad wat gevolg is deur 'n stywe opdraend, wat ons laat uitkyk het oor die agterkant van Pelindaba.

Ons is verby die 'Preller house' begraafplaas en van daar het ons 'n paar honderd meter padlangs geloop tot by die parkering.

Almal het 'n piekniekplekkie onder die bome gekies en middagete geëet. Die venue het yskoue koeldrank verkoop. Dit was baie verfrissend, veral na die warm stap.

Danie en kie het lekker gebraai en Engela het vir ons heerlike wortelkoek gebring vir haar opkomende verjaarsdag. 'n Paar van ons het met ons voete in die swembad gesit en Deon het lekker afgekoel met 'n swem.

Dit was 'n genotvolle dag saam met wonderlike mense.

Mag hierdie jaar vol nuwe opwindende stap oomblikke wees.

NB.

Wie van julle het dalk hierdie teken langs die pad gesien?

Dalk het die Swannies iets hiermee te doene gehad ….

(foto deur Lorette aangestuur) (Lorraine)